Die voertuig is aan u terugbesorg deur die polisie? -- Ja, die polisie het aan my daar by die stasiemeester 'n rapport gemaak aangaande die voertuig, dat hulle dit gekry het.

Maar dit is later weer aan u terugbesorg? -- Ja.

Is die voertuig onbeskadigd? -- Nie eers 'n bietjie beskadig nie. Onbeskadigd.

Ek wil hê u moet kyk na beskuldigdes nrs. 1, 2 en 3. Ken u enige van hulle? -- Ek ken geeneen van hulle nie.

Sover u weet, uit u eie kennis, weet u of enigeen van hulle ooit in u voertuig saam met u gery het? -- Nee, ek weet nie uit my eie kennis nie. As hulle die persone is wat daar gevind was met die voertuig, dan is dit hulle, maar ek weet nie.

MR. BROWDE : My Lord, I would like to think about this evidence of this witness, but I could perhaps just ask him a few questions, I do not know whether Your Lordship will have him stand down.

BY THE COURT : If you are going to ask for a short adjournment, then possibly if you have considered it, it would be better if you ask your questions at a later stage, would it not?

MR. BROWDE : Yes, I think so.

BY THE COURT : Because you might, if you have an adjournment come back to something which you want to ask questions about.

MR.BROWDE : I think it is always preferable to have it ... (Court intervenes)

BY THE COURT : It is ten-to-twelve now. How long do you think you will need?

MR. BROWDE : To about quarter-past-twelve.

BY THE COURT : We will adjourn. Let me know when you are ready.

WITNESS STANDS DOWN.

COURT ADJOURNS. COURT RESUMES.

PHEELA ELICENT MONTLE, still under oath

CROSS-EXAMINATION BY MR. BROWDE : Mr. Montle, I would just like to ask you one or two questions. This bakkie of yours, when did you acquire it? -- 1976.

So, by the time this affair happened, you had it what? For about three to four years? -- That is correct.

What do you use it for normally? -- I use it for travelling purposes over weekends, for instance by going home from the place where I am teaching.

And in the normal course of events, where is it parked? -- At times at school, because the house which I am renting there is not far from the school.

And at other times? You say at times at the school and at other times? -- Over the weekens when I am home at Ramakgupa. That is where I originally come from. I park it there. Otherwise I take it along with me to my place of employment, that is at the school where I am teaching. It is parked there.

Do you go to Soekmekaar with it from time to time? -- Almost every weekend, yes.

What day of the week was this occurrence when you were robbed of your vehicle? -- It was on a Friday.

And where you going to Soekmekaar for the weekend? -- No, it was during school holidays.

Where were you enroute to? -- I was on my way home at Ramakgupa.

Do you go to Soekmekaar? -- Yes.

... / Over

Over weekens in the normal course of events, do you go to Soekmekaar from time to time? -- Yes, I do, because my kraal is in fact there.

And do you go shopping in Soekmekaar in the main street? I do not know Soekmekaar that well, but I assume it has got a main street. Do you stop there to do shopping? -- Well, Soekmekaar is our nearest town from my Kraal where I live. So, that is the town which I can refer to as the town to which we go almost each and every time.

So, you go there - you do go there to do your shopping and you park the bakkie in the street? -- That is so.

When you go to your kraal, where do you park it then? -- Just in the yard there. There is no garage for it.

In the yard there where lots of people live? -- There is a wire fence around my home. That is my place of living there.

Do people have access to that yard? -- Yes, through the gate.

And your bakkie, have you ever lent it to people to drive, other people? -- No, not when I am not there.

Do you often give people lifts, by the way? -- Yes, I do.

Do you remember everybody you had given a lift to? -- No, that I would not remember.

Because you pick up people on the road and you give them lifts and then they get off where they want to and you do not see them again? -- Yes, that is so.

And you say that happens often? -- Yes, quite often.

Are you talking Pedi? -- Yes.

What does the word "goka" mean? -- That is to tie.

To tie up? What is the word to bind up? -- That is

... / goka

goka.

These people who took your bakkie that night, did they say they were going to tie you up or hang you up? -- They used goka, which means tie up.

So, if it was interpreted as hang up, is that wrong? -- What do you mean by that?

When your evidence-in-chief was interpreted by the interpreter, he said that the people had threatened to hang you and I am told by people listening who know Pedi that the word you used was goka, which means to bind up? -- That is quite correct. I used the word goka. In fact, the correct word commonly known to other people for binding up is to "thlema", but I used the one "goka" which may be used for hanging.

I see. So, what you intended to mean was, they threatened to bind you up. Is that correct? -- That is exactly what I mean.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN : As u u bakkie parkeer, sluit u dit gewoonlik of nie? -- Ek sluit dit elke dag.

Was u u bakkie dikwels of nie? -- Ja, dikwels.

Kan u onthou voor hierdie dag, wanneer het u u bakkie gewas? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Was u u bakkie binne ook? -- Ja.

Was hy die betrokke dag skoon of vuil gewees, 4 Januarie? -- Hy was nie vuil gewees nie. Al het ek nie die bakkie gewas nie, dan vee ek die bakkie binnekant af.

En die vensters? -- Nee, dit vee ek af.

Die kant vensters, voor en agter, orals? -- Die meeste van die tyd die voorste en die kant vensters.

DEUR DIE HOF : Jy sê jy vee meeste van tyd die voor en kant vensters af? -- Ja.

... / Van

Van binne of van buite of van albei? -- Die meeste van die tyd aan die buitekant.

Ek wil net weet van jou wat wou hulle met jou doen? Vergeet nou maar die taal wat gebruik was en die taal wat nie gebruik was nie? Wat wou die mense met jou doen? Wou hulle jou vasmaak of het hulle gesê hulle gaan jou net vasmaak of het hulle gesê hulle gaan jou ophang? -- Hulle wou my net vasgebind het daar. Eintlik sal ek dit so aan die Hof stel, dat as gevolg van die gesprek tussen ons, na aanleiding van wat hulle gesê het tydens daardie gesprek wou hulle niks aan my gedoen het nie, behalwe om my net daar vas te bind, wat hulle gedoen het.

Jy het gesê die polisie het te Goudplaas stasie vir jou gesê iets omtrent jou voertuig? En dat jy later toe jou voertuig gekry het? -- Ja. Hulle het vir my daar gesê ... (Hof kom tussenbei)

Ek wil niks hoor wat hulle vir jou gesê het nie. Ek wil jou net terugplaas tot daardie ding wat ek jou nou oor wil vra. Hulle het vir jou te Goudplaas spoorweg-stasie iets van jou voertuig vertel? -- Ja.

Nou kom die vraag. Wanneer het hulle dit vir jou vertel? Die aand toe jy, soos jy sê, van jou bakkie beroof is of daarna? -- Dieselfde aand van die roof het hulle vir my van die bakkie gesê, dat hulle dit gekry het.

Het hulle jou daarvan vertel toe hulle daar by die stasie, Goudplaas stasie, opdaag of het dit eers baie later die aand geskied? -- Onmiddellik toe hulle daar gekom het, het hulle vir my daarvan gesê. Die rede daarvoor was dat ons alreeds aan die polisie gerapporteer het en die registrasienommer van die bakkie aan die polisie verskaf.

... / MR. BROWDE

MR. BROWDE : May I just ask one question arising out of what Your Lordship put?

BY THE COURT : Yes.

RE-CROSS-EXAMINATION BY MR. BROWDE : When you got your bakkie back, where was it? Where did you see it for the first time? -- About 14 kilometres away from the scene where they had tied me up.

On the road? -- On the gravel road, off from the main road.

How far from Soekmekaar? -- 30 or less kilometres from Soekmekaar.

NO FURTHER QUESTIONS.

MANKUTU EMMANUEL MASHAPA, v.o.e. (Deur tolk) NR. 78 (KLAER OP KLAGTE 24)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JANSEN : Is u 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie? -- Ja.

Was u op 4 Januarie 1980 gestasioneer te Soekmekaar? -- Ja.

Ek wil hê u moet kyk na die foto-album, BEWYSSTUK K, foto nr. 37. -- Ja.

Is dit 'n lugfoto van die aanklagkantoor op Soekmekaar polisiestasie? -- Ja.

Dan wil ek hê u moet blaai na foto nr. 62. Is dit nou 'n naby foto van die stoep van die aanklagkantoor? -- Ja.

Op die aand van 4 Januarie 1980 was u aan diens gewees met u kollega, konstabel Mothibe? -- Dit is korrek, ja.

Watter pligte het u verrig? -- Ek was in die aanklagkantoor gewees as 'n aanklagkantoorsersant.

En konstabel Mothibe?-- Hy was op diens daar as 'n kampwag.

... / Was

Was enige van julle gewapen? -- Ek was gewapen gewees.

Waarmee? -- .38 rewolwer.

En konstabel Mothibe, het hy 'n vuurwapen in sy besit gehad die betrokke aand? -- Hy was 'n vuurwapen gegee.

Watter wapen? -- R1.

Op 'n stadium gedurende die aand het u en konstabel Mothibe uself bevind hier op die stoep van die aanklagkantoor? -- Ja.

Wat het u daar gemaak? -- Ons het daar op die stoep gesit en was besig om koeldrank te drink.

Hoe laat was dit ongeveer? -- Om en by 8.20.

Was dit donker gewees? -- Ja.

Was daar enige beligting in die aanklagkantoor? -- Ja, 'n paraffienlamp het daar gebrand.

Watter tipe paraffienlamp? -- Coleman.

Is dit van die tipe lampe wat jy oppomp en wat met 'n sakkie werk wat brand? -- Ja.

Was die omgewing buitekant die aanklagkantoor verlig of nie? -- Nee.

Die lig van die Coleman-lamp, het dit enigsins uit die aanklagkantoor geskyn of was dit pikdonker buite? -- Buite was dit pikdonker. Die lig het net daar binne verlig.

Terwyl u nou daar buite gesit het, wat het u gesien? Wat het gebeur? -- Ek het 'n voertuig opgemerk wat in 'n suidelike rigting gery het, dit wil sê van noord na suid.

Kyk net eers na foto nr. 37. Kan u op die foto aandui van watter rigting na watter rigting het die voertuig gery? -- Van onder af na boontoe. Dit wil sê vanaf punt S na G.

Dit wil sê die voertuig het die aanklagkantoor so van

... / voor

voor genader? -- Ja.

Watter tipe voertuig was dit? -- Toe die voertuig net daar verbygery het, het ek opgemerk dat dit 'n bakkie was, maar die bakwerk was wit in kleur.

Ja? -- Vanaf die rigting waarvandaan hierdie bakkie gekom het, is 'n brug. Hierdie bakkie het deur die brug gery, daar gestop en die ligte afgeskakel. Dit het weer 'n entjie begin beweeg met die ligte aan en weer gestop. Hy het weer die ligte afgeskakel waar hy vir die tweede keer gestop het. Net voor daardie kruising op die foto waar die lyn van T begin het, het die bakkie vir die tweede keer gestop. Toe hy daarvandaan weggetrek het, het hy baie vinnig weggetrek en die ligte aangeskakel. Dit was as gevolg daarvan, die bewegings van die bakkie soos nou deur my beskryf aan die Hof, dat ek kon gesien het dit is 'n bakkie, wit van kleur.

Was die bakkie heeltemal wit van kleur? -- Wat ek van praat as wit, is die bakwerk agter, die tent. Dit is wit van kleur.

En die res van die bakkie? -- Weens die feit dat dit daar donker was, kon 'n mens nie gesien het wat die res van die bakkie se kleur was nie, behalwe dat 'n mens net kan sê dit was 'n donkerige kleur in daardie donkerte. Onmiddellik nadat die bakkie daar vinnig weggetrek het, nie lank nie, het daar twee persone te voorskyn gekom in die straat voor die polisiestasie. Dit wil sê D, K en U.

Dit is die straat reg voor die polisiestasie? -- Ja.

Waar het die persone vandaan gekom? -- Van onder af, dit wil sê van daardie kruising daar van die twee strate.

... / Van

Van die teerpad af? -- Ja, van die teerpad se kant af. Dit wil sê van E se kant af na D toe.

Aan watter kant van die straat het hulle gestap? -- Aan die linkerkant van die straat. Ek het daar gesit waar die pyl begin. Dit is die pyl van H. Dit is 'n pilaar daar waar daardie pyl begin. Dit is waar ek gesit het.

As jy kyk na foto nr. 62, sien u die pilaar? Is dit die pilaar wat aangetoon word as H? -- Ja, die pilaar net bokant die letter H op foto nr. 62. Soos die pilaar daar staan, soos ek nou daarna kyk, is dit aan my linkerkant. Dit wil sê dit is die regterkant.

So, het u by die regterkantste pilaar gesit? -- Aan die regterkant van die pilaar as 'n persoon nou met sy rug na die aanklagkantoor toe staan.

DEUR DIE HOF : Met ander woorde, dit is die regterkantste pilaar van die aanklagtekantoor.

MNR. JANSEN : En konstabel Mothibe? -- Hy het daar by die laaste pilaar gesit. Dit is meer links soos 'n mens na die foto kyk. Die laaste pilaar aan jou linkerkant. Toe die twee persone daar verbystap ... (Mnr. Jansen kom tussenbei)

U verwys nou weer na foto nr. 37? -- Dit is korrek.

Ja? -- Het van die persone gepraat met Mothibe. Die persone is verby in die straat aan dieselfde kant. Toe hulle regoor die groot hek kom, dit is die hek waar die pyl van die letter D begin, die hek verleen toegang tot die werf van die aanklagkantoor vir voertuie, het hulle verdwyn. Die hek self, dit is die groot hek, was gesluit gewees. As gevolg daarvan het die persone toe terugge-stap in die rigting van die aanklagkantoor. Hulle was nog

... / in

in die straat. Hulle het gestap na die klein hek. Dit is die hek wat lei na die aanklagkantoor toe, waar die pyl van H begin. Dit is 'n voetpaadjie wat na die hek toe lei.

Kyk na foto nr. 62 weer. Is dit die klein hekkie wat jy van praat? -- Dit is die klein hekkie wat ek van praat, ja.

Het die persone toe hulle nou die klein hekkie nader in die straat gestap of op die sypaadjie of waar? -- Hulle het op die grasgedeelte van die straat gestap.

Op die sypaadjie? -- Ja.

Wat het u en konstabel Mothibe gemaak op daardie stadium? Het u stilgesit, geëet, gepraat? Wat het u gedoen? -- Ons het net daar gesit en kyk na wat die persone doen, want hulle was eers na die groot hek toe, maar dit was gesluit en hier kom hulle nou terug, hulle kom nou na die klein hek toe.

Kon u sien toe hulle eers voor die aanklagkantoor verbystap na die groot hek en toe terug, of hulle enigiets by hulle gedra het? -- Nee, dit was donker gewees. Ek kon net persone se figure gesien het wat beweeg. Wat hulle by hulle gedra het, sou 'n mens nie gesien het in daardie donkerte nie.

Toe kom die persone tot by die klein hekkie, sê u? -- Ja.

Wat gebeur toe? -- Die mense het daar ingekom, mekaar gevolg. Toe hulle net gelyk met die paal was, dit is die vlagpaal van die aanklagkantoor wat naby H staan ...
(Mnr. Jansen kom tussenbei)

Regs van die hekkie? -- Regs van die hekkie soos aangedui - ek weet nie watter een van hulle nie, maar

... / een

een van hulle het iets na my toe gegooi wat op my geval het, soos ek aandui, teen die borskas. Toe die ding teen my bors te lande gekom het, het ek dit met my regterhand gegryp en dit teruggegooi na die persone toe. Ek het toe vinnig opgestaan. Toe ek in die aanklagkantoor gehaas het, het ek gehoor daar word geskiet.

Net 'n oomblik. U sê u het vinnig opgevlieg. So, ek neem aan u het toe omgedraai? -- Dit is presies wat gebeur het. Ek het opgestaan, omgedraai en gehaas na die aanklagkantoor toe.

U hoor daar word geskiet. Ja? -- Iets het geskiet of geblaas. Toe ek net in die deur was, in die proses om die aanklagkantoor binne te gaan, het iets my van agter af getref. Ek is toe in die aanklagkantoor in. Ek het gehaas om by die agterdeur van die aanklagkantoor uit te gaan, maar voor ek uit is, voordat ek eintlik daardie deur oopgemaak het, was daar twee koeëls wat die muur heel bo getref het.

Vanwaar het die koeëls gekom? -- Van agter my af. Net voordat ek daardie deur oopgemaak het, was daar weer 'n ander koeël wat die deur se raam van buite af getref het.

Dit wil sê vanaf die agterkant van die aanklagkantoor? -- Ja. As gevolg daarvan het ek toe nie meer daardie deur oopgemaak nie. Ek het toe daar gestaan. Daarna het daar iets weer geblaas of geskiet by die aanklagkantoor.

Waar by die aanklagkantoor? -- Buitekant.

Agter of voor of langs die kant? -- Voor die aanklagkantoor het iets geblaas of geskiet en toe was daar weer dieselfde geluid van agter die aanklagkantoor gewees.

... / Dit

Dit is toe daarna wat ek die koeëls gehoor het wat geskiet word, vermoedelik van 'n outomatiese vuurwapen.

Van watter kant af? -- Dit wil sê van voor die aanklagkantoor en agter. Ek het onder die tafel gaan lê.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 2 NAMIDDAG.

- - - - - - - - - - -

**Collection Number: AD2021**

## SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982

### *PUBLISHER:*
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.